

UITKOMST PROEFPLAAS

C. H. E. VAN ZYL

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, UITKOMST PROEFPLAAS
Posbus 297, Grootfontein 9000



Die opstal van Uitkomst Proefplaas teen die voet van die Otavi Bergland.

Die eerste eienaar van Uitkomst, mnr. Willem Francois Joubert, het op 28 Augustus 1894 met sy ossewa daar aangekom. Hy en sy familie was eintlik onderweg na Angola. Hulle het van Windhoek tot by Namutoni gevorder, maar daarvandaan na Grootfontein teruggekeer. Majoor Leutweit van die Deutsche Schutztruppe het destyds plase aan boere uitgegee in die Grootfontein area en so koop mnr. Joubert toe die plase Brandwag, Uitkomst, Klein Uitkomst en Amalienhof vir die prys van 1 mark of nage-noeg 20 sent per hektaar.

Die water van die fontein by Uitkomst het destyds ver in die veld af geloop. Wild was baie volop en weiding was geen probleem nie. Beeste, bokke en skape het goed geard. Vanaf die fontein in die berg was dit destyds 'n oop vlakke na die Ooste toe met baie gras, kort bome en struik en slegs hier en daar groot bome. Die fontein se water is later in 'n gronddam gelei en gebruik om ongeveer 3 hektaar lande te besproei waarop koring, mielies, pampoene en verskeie vrugtesoorte gekweek is. Die besproeibare grond is later in vier kleinhoues verdeel waarop die seuns en skoonseuns van mnr. Joubert geboer het.



Bulle van die Uitkomst Simmentalerstoet.

Die pragtige weiding van Uitkomst was waarskynlik 'n groot versoeking vir al sy opvolgende eienaars om te veel te benut en het die plaas die naam van 'n steekgrasplaas gekry. Die vele eienaars kon ook nie een juis die mas opkom nie. Juis om hierdie rede word die plase Uitkomst en Klein Uitkomst in 1960 deur die S.W.A. Administrasie as proefplaas aangekoop. Enkele ander belangrike gebeure



Melkvee op Uitkomst.

in die tydperk voor 1960 is die geweldige sprinkaanplaag in 1896, die rinderpes enkele jare later en die geveg teen 'n groep Herero's op 18 Januarie 1904.

Die eerste bestuurder van die nuwe proefplaas was mnr. Eckhart Freyer. Hy is later opgevolg deur mnre. Gert Engelbrecht, George Thomas en Paul Venter. Hoewel elkeen 'n belangrike bydrae gelewer het, is dit mnr. Freyer wat die grondslag gelê het vir die herstel van die natuurlike veld. Die Direkoraat Landbou van die Administrasie vir Blankes beskik vandag oor 6 458 ha van die beste weiding op die plaas. Die eens bekende steekgrasplaas is deur 'n wetenskaplike weiveld benadering omskep tot 'n weidingsparadys.

Vandag spog Uitkomst met 104 kampe wat vir gewone kuddebestuur sowel as die uitvoering van navorsingsprojekte gebruik word. Die pragtige Simmentalerkudde dien nie slegs as bewys van die sukses van 'n wetenskaplike

teelbenadering nie, maar word ook vir ander navorsing aangewend. Die kudde is tans in 'n langtermyn produksieprojek waar verskeie norme bepaal word soos onder meer die kilogram natuurlike weiding benodig in die produksie van 'n kilogram vleis. Ook word 'n lekproef met die kudde uitgevoer. 'n Bruin Switserkudde word in 'n semi-ekstensiewe melkprojek aangewend. Die natuurlike potensiaal van die veld word verder aangevul deur 40 hektaar bloubuffellande en 25 hektaar waarop kuilvoergewasse verbou word. Nog 'n belangrike faset is die 45 hektaar lande wat vir navorsing met mielies en ander gewasse gebruik word. Verbossing is ook hier 'n probleem en verskeie projekte in die verband is aan die gang.

Die proefplaas lê aan die teerpad tussen Grootfontein en Otavi en slegs sowat 20 kilometer vanaf Grootfontein. Die plaas het so pas sy eerste 25 jaar van diens aan die boeregemeenskap voltooi. Ons nooi u hartlik uit om die volgende 25 jaar nog meer die proefplaas te besoek.



Sorghum vir die maak van kuilvoer.